

27 Oktober 2019

Gr R tot Gr 3



Laat God jou **verander!**

i

Lukas 18:9-14

Neem saam:

- 2 emmers water
- 2 vuil lappe
- Waspoeier
- Klei (resep aan einde)
- Papier om "kwekkers" mee te vou

voorbereiding

OPENINGSGBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Het dit al gebeur dat jy gemors het op mamma se tafeldoek? Wat het jy toe gemaak? *Gee aan kinders die geleentheid om te vertel van 'n keer wat hulle iets gemors het en hoe hulle dit weer reg gemaak het.*

Kom ons doen vandag 'n eksperiment.

Neem twee lappe. Enige lappe en mors koeldrank of koffie daarop. Sorg dat albei lappe kolle op het. Vat nou twee bakke of emmers met water. Bring ook waspoeier saam.

Gooi in een bak se water waspoeier maar sit die waspoeier houer net langs die ander bak water neer.

Vra nou die kinders:

- Dink julle die lappe kan skoon kom?
- Wat moet gebeur om die lappe skoon te maak?

Vat een lap en sit dit in die bak waar die waspoeier in die water is, en die ander lap sit jy net langs die bak neer wat water in het en die waspoeier by staan.

Vryf albei lappe. Die een in die water met seep sal skoon kom maar die ander lap sal vuil bly.

Waarom raak net die lap in die water skoon, en bly die ander lap vuil? Albei is tog by water en seep? *Laat die kinders hieroor nadink.*

Net die lap wat in die water ingaan, wat bereid is om gewas te word sal skoon kom. Die ander lap wat by die water en seep is, kan nie vanself skoon word nie. Al lê hy styf teen die waspoeier, of teen die emmer water, sal dit nie maak dat hy skoon kom voordat hy nie in die water is nie en die waspoeier ook in die water is om die vuil uit te was nie.

As iemand siek is en hy koop vir hom medisyne en sit die medisyne langs die bed neer, sal hy gesond word? Nee. Hy moet die medisyne drink. Dit moet deel raak van hom en in sy lyf kom om die kieme van die siekte te veg en hom weer gesond te maak. Medisyne op die bedkassie beteken niks nie. Dis wonderlik om die regte medisyne by die dokter te kry, maar as jy dit nie gaan drink nie, kan jy mos nie gesond word nie.

Net so kan ons ook nie ons Bybel langs ons bed neersit en dink ons gaan 'n Christen wees, as ons nooit in die Bybel lees en hoor dat Jesus vir ons sonde gesterf het en ons begin bid en met God praat nie. Ons moet die Bybel lees.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: Lees jou Bybel

Lees jou Bybel, bid elke dag, bid elk dag, bid elke dag
Lees jou Bybel, bid elk dag
En jy sal groei, groei, groei
Jy sal groei, groei, groei
Jy sal groei, groei, groei
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei.

Liedboek: Lied 553 Ek is bly ek ken vir Jesus

Ek is bly ek ken vir Jesus
Ek is bly ek is Sy kind
En ek bly my hele lewe
Aan die Here vasgebind
Ek is bly ek het 'n Bybel
Dat ek elke dag kan lees
Kinders van die Here
Het niks om voor bang te wees
Kinders van die Here
Het niks om voor bang te wees

gesels tyd (vervolg)

sing tyd

BYBEL tyd

Jesus het baie maal gelykenisse of stories vertel om vir mense te leer hoe God wil hê ons moet lewe.

Eendag was Hy weer saam met 'n groep mense wat gedink het as hulle wette gehoorsaam en seker goed doen, dan is hulle beter as ander mense en sal God hulle red. Wat hulle vergeet het is dat hulle ook lief moet

wees vir God en dat dit belangriker is om te doen wat God vra, as om dinge net te doen om mense te beïndruk.

Toe vertel hy hulle die gelykenis van twee mense wat na die tempel toe gegaan het om te gaan bid. Die een het gebid om ander te beïndruk en omdat hy gedink het hy is beter as ander mense, maar die ander een was regtig jammer oor alles wat hy gedoen het en het God gevra om asseblief sy sonde weg te was.

Maar kom ons lees daarvan in die Bybel
Lees vir die kinders voor uit die Bybel in Luk. 18:9-14

Die Fariseër wat gedink het hy is beter as ander mense, is soos die vuil lap wat ons in die begin van die les gehad het, wat net langs die water en seepoeier gelê het. Die lap kon nie skoon kom nie, omdat dit nie in die water en seep gekom het nie. Dit het wel by die water en seep gestaan, maar nie nat geraak nie. Die Fariseër was ook in die tempel, maar hy het nie toegelaat dat God hom kom skoonwas nie.

Die tollenaar is soos die lap wat in die seepwater gelê het en skoon gekom het. Hy het nat geraak en die water en seep kon hom skoon maak. Die tollenaar was nie net in die tempel nie, hy het ook opreg gebid dat God hom moet vergewe en sy lewe kom verander. En daarom het God hom ook skoon gewas.

Ons moet nie net weet van Jesus nie. Ons moet ook 'n verhouding met Hom hê. Dit beteken dat ons luister wat Hy vir ons in die Bybel leer. Ons moet doen wat Hy vra. Ons moet lief wees vir Hom en ons moet elke dag bid en met Hom praat. Ons moet ook wanneer ons weet iets verkeerd is, vir God jammer sê en dit dan nie weer doen nie. Dan verander Hy ons lewens en word ons meer en meer soos Jesus.

doen & leer tyd

Vou die papier:

As ons 'n skoon vel papier het en ons wil dit in 'n vorm vou, sal dit nie net so glad en plat kan bly nie. Dit moet gevou word en gevorm word in die dingetjie wat ons wil maak. As ons meer en meer soos Jesus wil word, moet ons Hom toelaat om ons te vorm.

Help die kinders om iets uit papier te vou.


Alternatief: Maak klei. Resep op volgende bladsy

Vorm en maak die klei soos wat jy graag wil. Wanneer ons die klei vorm, dink ons daaraan dat God ons ook vorm en maak soos Hy wil.

groet tyd

Dankie Jesus dat ek enige tyd van die dag of nag met u kan praat. Dankie dat ek ook vir my gee wat ek regtig nodig het. Ek het U lief. Dankie vir U goedheid.

Amen



Klei reseep:

Jy benodig:

- 2 koppies meel
- 1 koppie sout
- 2 teelepels olie
- 'n koppie water

Metode:

Meng die meel en sout. Voeg die olie by en voeg daarna die water stadig by tot dit so styf is soos wat jy dit wil hê. Deel die klei in bolletjies op en kleur met voedselkleursel. Brei goed deur en hou in lugdigte houër.

Vou 'n "kwekker":

- Neem 'n vierkant en vou in die helfte om reghoek te maak. Vou nou die reghoek oor om kleiner vierkant te maak
- Vou die vierkant oop. Neem nou die hoeke en vou dit na binne tot by die middelpunt. Dit vorm weer 'n kleiner vierkant
- Draai nou die vierkant om met die los punte na onder. Vou weer die hoeke na die middel en vorm nog 'n kleiner vierkant
- Vou die vierkant in die helfte om 'n reghoek te maak, druk jou vingers versigtig in die hoeke en maak oop om jou "kwekker" te maak. Maak vingers oop en toe om "kwekker" te beweeg.

